LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT: SKOOLPLAN

Laerskool Louis Leipoldt



VOORWOORD:

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Baie welkom aan elke ouer en leerder by Laerskool Louis Leipoldt.
U is deel van ‘n omgee gemeenskap waar ons kinders eerste stel en hard werk om seker te maak dat hulle ontwikkel as gesonde individue en waar elkeen voel dat hierdie sy/haar skool is, waarop ons trots kan wees.

Om dit te doen, verg spanwerk, harde werk en begrip vir mekaar. So bou ons karakter en berei ons die toekoms se volwassenes voor vir die geleenthede en uitdagings wat op die pad vorentoe gaan wees.

Hier glo ons dat integriteit ‘n leefwyse is – wat jy is, elke dag en in elke situasie. Ons streef daarna om deel te wees van ‘n generasie wat trots is op wat hulle doen en verantwoordelikheid neem vir elke keuse en strewe om telkens beter keuses te maak.

Nogmaals welkom in die skool waar jy iemand is en elkeen vir ons belangrik is.

P Ferreira
Hoof

Woordeboeke van vorige jaar of vorige gebruiker, is steeds reg vir gebruik

SKRYFBEHOEFTES

ALLES GEMERK BEHALWE DIE PLASTIEK SAKKIES

GRAAD 4:

- 6 Potlode (HB / Pacer)
- 2 Gomstiffies vir elke kwartaal
- Olie Pastelle
- Plastiese koevert of materiaalsakkie per vak (x8)
- Verfkwaste (dik & dun)
- Skerpmaker met houer
- Uitveër
- 25 Plastiek liasseersakkies (A4)
- Verligpen – 2 kleure
- Liniaal (30 cm)
- Kleurpotlode
- 2 Blou penne per kwartaal *(asb geen penne wat klik/klik nie, geen uitveepenne vir toetse)*
- Papierskêr
- Woordeboek *(Tweetalig)*
- Ponal-gom
- A5 Boekie alfabeties genommer
- 2 x Witbordmerker per kwartaal of 3 x bordkryt per kwartaal
- LO rooi hemp

GRAAD 5:

- 4 Potlode (HB Pacer)
- Blou BIC penne (vir jaar)
- Uitveër
- Skerpmaker met houer
- Kleurpotlode
- Skêr
- Grys potlode – 2B, 4B (Gr 5, 6)
- Klein krambinder
- Olie-pastelle en Chalk-pastelle
- Klein botteltjie Akriel verf (rooi, blou, geel, swart, wit) (word in Gr 6 ook gebruik)
- Dun kwas, rondepunt
- Viltpenne vir kuns
- Liniaal (30 cm)
- 100 Plastiek liasseersakkies (A4)
- Verligpenne
- Gekleurde penne
- Ponal gom
- Gomstiffie
- Tydskrifte *(word gereeld gebruik vir Eng, LO, PSW, SW en Kuns)*
- LO rooi hemp

GRAAD 6:

- 4 Potlode (HB Pacer)
- Blou BIC penne (vir jaar)
- Uitveër
- Skerpmaker met houer
- Kleurpotlode
- Passerstel (Gr 6 & 7)
- 20 sakkie Flip File
- Skêr
- 10 Gekleurde kartonne (Gr 6)
- Grys potlode – 2B, 4B (Gr 5, 6)
- Sakrekenaar (eenvoudig, net vir basiese bewerkings)
- Olie-pastelle
- Viltpenne vir kuns
- Liniaal (30 cm)
- 100 Plastiek liasseersakkies (A4)
- Verligpenne
- Gekleurde penne
- Ponal gom
- Gomstiffie
- Tydskrifte *(word gereeld gebruik vir Eng, LO, PSW en SW)*
- LO rooi hemp

GRAAD 7:

- 4 Potlode (HB Pacer)
- Blou BIC penne (vir jaar)
- Uitveër
- Skerpmaker met houer
- Kleurpotlode
- 2 x HB Grys potlode
- Passerstel (Gr 6 & 7)
- 20 sakkie Flip File
- Skêr
- 10 Gekleurde kartonne
- Grys potlode – 6B
- Klein krambinder
- Sakrekenaar (eenvoudig, net vir basiese bewerkings)
- Olie-pastelle
- Viltpenne vir kuns
- Liniaal (30 cm)
- 100 Plastiek liasseersakkies (A4)
- Verligpenne
- Gekleurde penne
- Gomstiffie
- Tydskrifte *(word gereeld gebruik vir Eng, LO, PSW en SW)*
- Scola Quip teken driehoeke 30°/60° en 45°
- LO rooi hemp

GRAAD 4 – 7

Skooldagboek (Huiswerkboekie), voorblaaie met skoolwapen op en die nodige lêers sal deur die skool voorsien word. Slegs die skooldagboek mag gebruik word, aangesien die aanmeldingsrooster daarin verskyn.
Beursie om lyf of nek, vir uitstappies.
NB: Boeke: Voorblaaie word verskaf, daarna **slegs met plastiek** oorgetrek. Waak teen 'n pap seilsak wat die boeke skeef en stukkend kan druk. Leerders behoort hulle boeke volgens hul rooster in te pak. Geen **groot** tasse is dus nodig nie.
LW: Woordeboeke wat benodig word sal deur die graadleier/vakhoof aangedui word. Behou/gebruik woordeboeke wat reeds aangekoop of deur ouer leerders gebruik is.

BENODIGDHEDE:
BAIE BELANGRIK: MERK ASSEBLIEF KLERE, SKOENE EN SAKKE DUIDELIK
10/10 Boekwinkel is L/s Louis Leipoldt se voorkeur skryfbehoefte winkel

SKRYFBEHOEFTES — *ALLES GEMERK BEHALWE DIE PLASTIEK SAKKIES*

GRAAD 1:

- 3 x Uitdraaikryt (12)
- 2 Kleurpotlode (12)
- 12 HB Potlode *(Slegs Faber Castle of Steadler)*
- 1 Stoelsak
- Inkleurboek (Jumbo)
- 1 x groot vetkryt (12)
- Groot materiaalkoevert met rits & handvatsel
- 1 A4 bordkryt groenbordjie
- 3 Uitveërs
- 3 Potloodsakkies
- 3 x Groot gomstiffies (43g)
- 2 x Goeie skerpmaker met houer
- Borduitveër
- Skêr (130mm)
- 1 Flipfile (20)
- 1 Sneesdoekies
- Oliepastelle (12)
- 1 x Giotto bebe clay (22g)
- 'n Blou spanbroek (lycra) onder die skoolrok vir LO periodes

GRAAD 2:

- 30 HB Potlode (gemerk) *(Slegs Faber Castle of Steadler)*
- 2 Gomstiffie (groot)
- Liniaal (30 cm)
- 12 Uitdraaikryte
- Papierskêr
- Borduitveër, Skerpmaker met houer
- 9 Super groot waskryte *(Penguin/Treeline)*
- 2 Pennesakkies
- Wit en groen lei
- 2 Witbordmerkers *(dun Artline)*
- 12 wit bordkryte
- 2 Uitveërs
- 12 Kleurpotlode
- 5 Plastiek Liasseersakkies (A4) (nie gemerk nie)
- Stoelsak
- 'n Sak van materiaal (30 x 40cm)
- 1 Houer sneesdoekies
- 'n Blou spanbroek (lycra) onder die skoolrok vir LO periodes

GRAAD 3:

- 4 x Groot gomstiffies (43 g) (1 per kwartaal)
- Liniaal (30 cm)
- Skerpmaker met houer
- Borduitveër
- 1 A4 Witbord
- 50 HB Potlode (10 per kwartaal) *(slegs Faber Castle of Steadler)*
- Asb geen *pacers*. Leerders speel daarmee en dit breek.
- Uitveër (een vir elke kwartaal)
- Uitdraaikryt of Kleurpotlode
- Papierskêr
- 2 Houers sneesdoekies
- 40 Plastiek Liasseersakkies (A4) (Moet asb nie sakkies merk nie)
- 2 buisie Adhesive Clear gom (Bostik Gom)
- Witbordmerker (dun-1 elke kwartaal)
- 'n Blou spanbroek (lycra) onder die skoolrok vir LO periodes

Pennesakkies word verkies bo *space case*. Lg val makliker van die tafel af, breek en maak 'n geraas. Stuur asb al die bg items aan die begin van die jaar skooltoe. Items word opgeneem en gebêre. Soos leerders dit benodig word dit uitgehaal. **Kontrole word uitgeoefen dat leerders nie mekaar se items vat nie.**

GRAAD 1 – 3 Plastiekoortreksels sal deur die skool voorsien word. Skoolhuiswerkboekie/onthouboekie word deur die skool voorsien. (Slegs die skool se boekie mag gebruik word). Beursie om lyf of nek, vir uitstappies

INHOUD

1	Algemene inligting vir ouers en leerlinge
2	Beheerliggaam en bestuur
3	Kalender en skooltye
4	Beleide: speelgoed, sportapparaat, boelies en selfone, haarstyle
5 - 6	Gedragskode - ouers
7	Skoolreëls
8	Skooldrag - dogters
9	Skooldrag – seuns
10	Buitemuurse aktiwiteite
11 – 12	Sport
13 – 14	Algemeen
15 – 16	Benodigdhede Gr 1-7
17	Skoolplan

ALGEMENE INLIGTING VIR OUERS EN LEERLINGE

MISSIE VAN DIE SKOOL:
Om as rolmodel die kind se karakter te ontwikkel deur kwaliteit onderrig en waardes die kind in Afrikaans, as moedertaal, te begelei op 'n pad na sukses en selfverwesenliking om 'n verskil te maak.

SKOOLLIED:

Ons het 'n digtersvriend gehad
Wat uit ons ryke blommeskat
Vir ons 'n Lentelied kon sing
Wat lewenskrag vir ons kom bring.

Ons huldig hom vir daardie sang
wat ons met Lentehart ontvang:
In al ons werk.... in elke kring
Sal ons die Lenteblydskap bring.

Refrein:
In hierdie gees het ons besluit
Ons werk, ons dien – niks sal ons stuit!
By Louis Leipoldt wil ons leer
Hoe ons 'n volk kan bou met eer.

SKOOLADRES EN BESONDERHEDE:

POSADRES:	Posbus 14022 LYTTELTON 0140
STRAATADRES:	H/v Langebrink en Pretoriuslaan LYTTELTON 0157
TELEFOONNOMMER:	(012) 6645798/9
FAKSNOMMER:	(012) 6642155
WEBWERF:	**www.louisleipoldt.co.za**
EPOS: Administratief:	**admin@louisleipoldt.co.za**
Finansies:	**finansies@louisleipoldt.co.za**

BANKBESONDERHEDE: ABSA Lyttelton - Tjekrek
Rek no: 600510118 Takkode: 632005

OOV:
Ouers kan gerus inskakel by 'n baie entoesiastiese en dinamiese Ouer-Onderwysersvereniging waar 'n besondere gesindheid van samewerking tot voordeel van ons kinders bestaan.

SIEKEKAMER:
Siek of beseerde leerders moet by Me Elna Stander – ontvangs - aanmeld. Indien nodig sal die hoof/kantoordame toestemming verleen dat die ouers geskakel word.
LW: Geen medikasie mag aan leerders gegee word nie. Stuur asb eie medikasie skooltoe indien leerder siek is.

KOPLUISE:
Indien luise OF nete op die leerder se kop gevind word, sal ons u onmiddellik in kennis stel om die leerder te kom haal. Die leerder mag nie weer terug kom skool toe, tot die koppie nie skoon is nie, aangesien luise maklik in die klas tussen leerders versprei.
Die onderwyseres en ouers sal saam die koppie ondersoek voordat die leerder weer toegelaat word. Dikwels doen ouers baie moeite en gaan baie onkostes aan om hul kinders se koppe te ontluis net om weer geinfekteer te word deur ander kinders wie se koppe nie skoon is nie. Ons versoek dus dat alle ouers sal saamwerk en toesien dat die koppe luisvry is. Voorkoming is makliker as om die luise en nete te verwyder.

MEDIASENTRUM:
Tye: Eerste pouse en na skool tot 14:15 (behalwe op Vrydae).
Koeldrank of eetgoed word nie toegelaat nie.
Alle boeke moet met sorg hanteer word.
Stilte is noodsaaklik.
Boeke mag vir 2 weke uitgeneem word.
Leerders in die grondslagfase moet 'n materiaalsakkie hê om boeke in te plaas wanneer dit uitgeneem word.
Leerders mag nie meer as 2 boeke per geleentheid uitneem nie.

LEIPIE HYPIE (Klerewinkel):
Skoolklere met die skoollogo word verkoop.
Tye wanneer Leipie Hypie oop is:
Maandae - Donderdae vanaf 13:30-17:30
Ons is by die Hervormde Kerk in Napierstraat (skuins oorkant die Poskantoor)
Navrae: Berthie v Genderen – 073 147 5705

ANDER VERSKAFFERS VAN SKOOLKLERE:
Maretha's – 012 660 1118
Karen Erasmus – 084 721 8701

GEBRUIKTE KLERE VERKOPE:
Daar word klere by die Leipie Hypie verkoop na gelang van beskikbaarheid. Skenkings van ouers in die verband word baie waardeer.

VERLORE KLERE:
Klere word in die houer op die vierkant geplaas. Leerders moet dit asb gaan soek.
Klere wat nie binne 'n maand opgeëis word nie, word na die klerebank oorgeplaas.

ALGEMEEN:

SKOOLGELD:
Vir 2019 is dit R17 490-00 per leerder. Vir die vierde leerder word nie skoolgeld gehef nie. Skoolgelde kan maandeliks betaal word, per debietorder, direkte inbetaling, deur middel van internet of direk by die kantoor. 'n R500 aanvangsfooi per leerder word aan die einde van die jaar betaal, wat deel van die skoolgeld uitmaak. Gr R & 1 leerders betaal R1 500 aanvangsfooi. Dit is deel van die skoolgeld, en word gebruik om aanvangsmateriaal aan te koop. Indien die volle skoolgeld vereffen word voor/op 1 Maart, ontvang u 10% korting. Met direkte inbetalings is dit noodsaaklik dat ouers die regte **familiekode** gebruik. Debietorderbetalings word aanbeveel.

FINANSIëLE BYSTAND AAN OUERS:
Ingevolge nuwe wetgewing vanaf die GDO moet alle aansoeke vir gedeeltelike vermindering of vrystelling voor einde Februarie 2018 ontvang word. Indien die beheerliggaam geen aansoek voor 31 Maart 2018 ontvang nie, sal ouers/voogde aanspreeklik bly vir sodanige skoolgeld. Aansoeke wat na 31 Maart 2018 ontvang word, sal op meriete by wyse van uitsondering oorweeg word. Geen aansoeke sal na 31 Oktober 2018 oorweeg word nie

REKENAARSENTRUM:
Alle leerders besoek die sentrum gedurende skoolure vir 1 periode per week om lees- en ander vaardighede te verbeter.

OPVOEDKUNDIGE TOERE:
Opvoedkundige toere en uitstappies word onderneem. 'n Verskeidenheid ander aktiwiteite wat direk verband hou met die sillabus-inhoud word aangebied.

SKOOLKALENDER 2019 (Alle provinsies)
Kwartaal 1: 9 Januarie - 15 Maart
Kwartaal 2: 2 April - 14 Junie
Kwartaal 3: 9 Julie - 20 September
Kwartaal 4: 1 Oktober - 4 Desember

SKOOL SLUIT AAN EINDE VAN ELKE KWARTAAL OM 10:00
SKOOL SLUIT DIE EINDE VAN DIE JAAR OM 9:00

BEHEERLIGGAAM: 2015 - 2018

Voorsitter:	Mnr D Durie
O/Voorsitter:	Mnr C Myburgh
Sekretaresse:	Me E Olivier
Tesourier:	Mnr C Myburgh
Hoof:	Mnr P Ferreira
ADD LEDE:	Me A Jordaan
	Me A Coetzee
	Me H Roos
	Me L Strydom
	Me L Lake-Roode
	Mnr A v Zijl
	Mnr S Blignaut

BREë BESTUURSPERSONEEL: SKOOL

Mnr P Ferreira:	Hoof
Me A Jordaan:	Adjunkhoof
Me C Jansen:	Departementshoof – Opvoedkundige Leiding
Me A Coetzee:	Departemantshoof – Grondslagfase
Mnr J v Nieuwenhuizen:	Departementshoof – Snr Fase Gr 6 & 7
Mnr J Opperman:	Departementshoof – Intern Snr Fase Gr 4 & 5
Me G Schoeman:	Departementshoof – Intern Wisk/Wetenskap
Me A Jansen van Rensburg:	Departementshoof – Buite kurrikulêr & bemarking
Me A Snyman:	Kultuurhoof
Me M Nel:	Sporthoof
Me M Botha:	Koördineerder - Leerondersteuningshoof
Mnr J Opperman:	Dissiplinehoof

AKADEMIESE HOOFDE:

Me L Cloete:	Gr 7 - Graadhoof
Me L du Preez:	Gr 6 - Graadhoof
Me C Barnard:	Gr 5 - Graadhoof
Me S Rautenbach:	Gr 4 - Graadhoof
Me S Booyse:	Gr 3
Me J Lombard:	Gr 2
Me E Swanepoel:	Gr 1
Me L Louw	Gr R

SKOOLTYE:

Begin:		07:30
Sluit:		
Gr R	Maandae – Vrydae	13:00
	Wagklas	13:40
Gr 1	Maandae – Vrydae	13:00
	Wagklas	13:40
Gr 2	Maandae - Donderdae	13:30
	Vrydae	13:00
	Wagklas	13:40
Gr 3	Maandae – Donderdae	13:40
	Vrydae	13:00
	Wagklas	13:40
Gr 4 – 7	Maandae - Vrydae	13:40
Aktiwiteitsperiodes is by bogenoemde tye ingesluit		
Pouses	Eerste pouse	09:35 tot 09:55
	Tweede pouse	11:55 tot 12:10
Gr R pouses:	Eerste pouse	09:35 tot 10:15
	Tweede pouse	11:50 tot 12:15

SPEELGOED- EN SPORTAPPARAAT BELEID

Opvoeding van kinders moet holisties van aard wees. By L/s Louis Leipoldt word daar werklik gepoog om ruimte te gee vir holistiese onderrig en opvoeding.
Die volgende reëls moet egter nagekom word:

* Speelgoed mag in ‘n naskoolsak, spesifiek vir gebruik by die naskoolsentrum, skooltoe gebring word. Daar mag egter nie gedurende lestyd daarmee gespeel word nie. Sou ‘n leerder nie gehoor gee aan die reël nie, word hy/sy gewaarsku. Sou dit ‘n tweede keer gebeur, word ‘n negatiewe aanmelding gemaak. Indien dit die derde keer gebeur, word die speelding by die leerder afgeneem en in die kluis bewaar tot die einde van die spesifieke week waarin dit gebeur het.
* Sportapparaat en balle moet in ‘n sportsak/sluitkassie gehou word tot dit benodig word. Dit kan gedurende pouse gebruik word, maar spelery daarmee word gestaak wanneer die pouseklok lui. Sou ‘n leerder nie ‘n sportsak/sluitkassie hê nie, moet hy/sy die apparaat saamdra. Daar mag egter glad nie tussen klaslokale, in klaslokale, tydens wisseling of gedurende lestyd met bogenoemde apparaat/bal gespeel word nie. Indien ‘n leerder nie gehoor gee aan die reël nie, word hy/sy gewaarsku. Sou dit ‘n tweede keer gebeur, word daar ‘n negatiewe aanmelding in die huiswerkboek gedoen. Sou dit ‘n derde keer gebeur word die apparaat/bal by die leerder afgeneem en in die kluis bewaar tot die einde van die spesifieke week waarin dit gebeur het.

wat beskadig is. Daar is proewe vir 6 0/13 A spelers. Die spanne wat eerste en tweede in die liga kom neem verder deel aan uitspeel wedstryde, indien die spanne daar wen vorder hule na die kwarteind, daarna halfeind en dan speel hul in die finaal van Gauteng.

Rugby: Voorseisoen wedstryde word ook reeds in die eerste kwartaal gespeel en die liga’s vind plaas in die tweede kwartaal. Rugbytruie word by afrigters gehuur.
0/9 – 3de span speel in wit rugbybroekke, 1 ste span speel in blou rugbybroek.
Die afrigting word gedoen deur die personeel van die skool. Daar is ‘n 0/9, 0/10 en 0/11-span, asook ‘n derde span , ‘n tweede span en ‘n eerste span. Die 0/12 en 0/13 seuns neem deel aan proewe en kan dan vir die Bloubul-span of ontwikkelingspan gekies word. Rugbyklinieke word bygewoon om verdere vaardighede by die seuns tuis te bring. Tuis- en wegwedstryde vind plaas soos op die jaarprogram aangedui. Slegs die spanne wat ligawenners is verteenwoordig die Blou Bulle by die onderskeie bondedae.

Bulletjie rugby: Die Gr 0 - Gr 2 seuns neem deel aan bulletjie rugby. Oefening word deur ouers gereël, asook die oefentye. Die bulletjies neem deel aan vriendskaplike wedstryde en daar word ook aan toernooie deelgeneem soos die Naka Bulle dag , Loftusdag en Silwervalke dag. Speel in wit / blou rygbybroek soos ouerkomitee besluit.

Krieket: Krieket word in die derde kwartaal gespeel. Tuis sowel as wegwedstryde word gespeel. Daar is 0/9, 0/10, 0/11, 0/12 span en ‘n eerste span by die krieket. 0/9 en 1 ste span speel met rooi LL hemp em wit krieket langbroek, 0/9 span speel met wit kortbroek 0/10 – 0/12 span speel met wit LL kriekethemp en wit krieket langbroek. Afrigting word deur die skool se personeel gedoen. Elke speler moet sy eie toetusting aanskaf. Liga wenners word bepaal en verdere uitspeelwedstryde word gespeel.

Bev Krieket: Gr 1 en 2 speel Bev Krieket. Mnr H Maasdorp (Centurion Krieket Akademie).

Hokkie: Hokkie word in die derde kwartaal gespeel. Daar is 0/12- en 0/13- spanne. Hokkieklere word by die afrigters gehuur en ouers bly verantwoordelikheid indien die klere sou beskadig word of wegraak. Die 0/13- en 0/12- spanne neem deel aan ligawedstryde wat op Vrydae en Saterdae te Rietondale plaasvind

Tennis: Tennis word in die derde kwartaal gespeel. o/11 ontwikkeling en rontomtalies vir die derde kwartaal liga vind in die tweede kwartaal plaas. Daar is ligawedstryde vir seuns en dogters. Klere word by organiseerder gehuur en die vervanging van beskadigde klere is die ouers se verantwoordelikheid. Tenniswedstryde is op Maandae. Elke speler moet in besit wees van sy/haar eie raket.

Landloop: Landloop vind plaas in die derde kwartaal. Atlete van 0/7 tot 0/13 mag deelneem. Net geregistreerde atlete mag aan die kompetisies deelneem.
Ligabyeenkomste vind plaas op Vrydae. Daar is geleentheid vir landloop atlete om aan die Gauteng kampioenskappe deel te neem Hierdie atleet moet egter aan minimum 3 ligabyeenkomste deelgeneem het. Atlete betaal registrasiegeld wat inskrywingsgeld en huur van klere insluit.

Gholf: Gholf word in die vierde kwartaal gespeel. Dogters sowel as seuns mag aan gholf deelneem. Elke speler moet in besit wees van ‘n gholfstel en moet al ‘n rondte van 9 gaatjies gholf voltooi het. Ligas vind plaas op Maandae.

Skaak: Skaak word in die tweede en derde kwartaal gespeel.
Tweede kwartaal : Liga, derde kwartaal : Ontwikkeling

GEDRAGSKODE – OUERS

GRONDWET: Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet no 108 van 1996

INLEIDING:
L/s Louis Leipoldt se gedragskode is gerig uitsluitlik op die skepping van ‘n harmoniese en gedissiplineerde skool omgewing, waarin die leerder deur middel van die opvoeder en ouers sy volle potensiaal kan bereik. Verder skep dit ‘n maatstaf waardeur die gedrag van leerders, ouers, opvoeders en bestuur gemeet kan word.

DOEL VAN DIE BELEID:
Die daarstel van ‘n stel skriftelike reëls en beginsels, griewe en gedrag in die algemeen.
Dit het betrekking op die biologiese ouer van die leerder en/of die voog van die leerder en/of iemand wat ‘n wettige aanspraak het op die sorg en beheer van die leerder.
Om die ouers te laat besef dat onderlinge samewerking tussen ons en die ander persone wat by die opvoeding en onderwys van ons kinders betrokke is, alleenlik suksesvol kan wees as alle partye ooreenkom in die nastrewing van waardes en beginsels.
Terwyl ouers daarvan bewus is dat hulle oor sekere regte beskik in terme van die Grondwet, erken hull ook dat ander mense soortgelyke regte het en respekteer hulle hierdie regte.

WETSVEREISTES VAN DIE BELEID:
Wet: Die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet no 84 van 1996)

IMPLEMENTERING VAN DIE BELEID:
ELKE OUER VAN L/S LOUIS LEIPOLDT VERBIND HULLE TOT:
Die opvoedinge van leerders tot verantwoordelike en selfstandige besluitnemers.
Die kweek van pligsbesef by leerders.
Die handhawing van dissipline by leerders.
Die hantering van die opvoeders en bestuur met die nodige respek.
Die aanvaarding van skoolreëls en –beleide en die bevordering daarvan by leerders.
Die respek vir die skoolomgewing en die skoolfasiliteite.
Die erkenning van die multikulturaliteit en andersheid van mede-ouers en dat hulle so sal optree dat hull nie die menswaardigheid van ander ouers sal aantas nie.
Die respek vir nie-onderwyspersoneel en besoekers. Die bydraes tot die gladde verloop van die skoolorganisasie deur administratiewe personeel en terreinwerkers word hoog aangeslaan, daarom sal ouers ook hierdie personeel met agting hanteer.

REGTE VAN OUERS:
Om op die beheerliggaam te dien indien demokraties verkies of gekoöpteer.
Om te verwag dat die standaard van onderwys korrek en in lyn is met die beginsels soos vervat in die skolewet.
Gereeld op hoogte gehou te word ten opsigte van die vordering van sy/haar kind by die skool aktiwiteite of selfs gedragsafwykende gedrag indien dit openbaar word.
Enige probleme met die skoolhoof te bespreek, wat dit verder sal hanteer met die betrokke partye, maar op so ‘n manier dat die integriteit van geen persoon afgekraak word nie/sy regte nie aangetas word nie.
Vordering van leerders met personeel tydens oueraande te bespreek.
Deel te neem in die besluitnemingsprosesse en funksies soos van tyd tot tyd deur skool verlang.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE:

KULTUUR:

Voortrekkers	Koor: Junior & Senior	Musiekblyspel
Kitaar	Kultuuraande	Redenaarsontwikkeling
Kunswedstryd	Kultuurweek	Slampamerdrama
Redaksie - Skoolblad	Markdag Gr 7	

SPORT:

Atletiek	Landloop	Skaak	Karate
Hokkie	Netbal	Krieket	Sagtebal
Rugby	Tennis	Mini Netbal	Mini Krieket
Bulletjie Rugby	Gholf	Sportontwikkeling	

KLEM WORD GELê OP MASSADEELNAME WAAR MOONTLIK!!

PRIVAAT AFRIGTING:

Karate:	Wiehan Eksteen	082 461 4245
Skaak:	Hans Steyn	084 567 7410
Krieket:	Hannes Maasdorp	078 697 8103
Ballet:	Lesta Erasmus	082 893 1957
Slampamperdrama:	Amanda Snyman	082 670 1169
Drama:	Sanet Olivier	083 990 5472
Kuns:	Leonie Cloete	083 382 5352
Voortrekkers:	Joan Smith	0
Dans:	Melinda Brummer	083 521 9676
Bulletjie Rugby:	Stephan Steenberg	012-664 5798
Taekwando:	Arthur Spickett	083 376 0209
Tennis:	Andri Tiran	082 479 4428
Kinder Kinetics:	Yvonne v Loggerenberg	082 964 5657
Landloop:	Anna-Marie Pretorius	082 416 1388
Sagtebal kliniek:	Charmain Barnard	084 750 8573
Krieket kliniek:	Rohan Venter	074 737 6519
Netbal akademie:	Marléne Nel	082 787 0575
Wiskunde Gr 4-7:	Gretha Schoeman	083 259 9366
Afrikaans:	Elize Oosthuizen	083 458 2191
Studie/Eksamen vaardighede:	Christa J v Rensbrug	083 304 0303

GRAAD R BUITEMUURS/AFRIGTING:

Ballet:	Mariette Hanekom	082 372 5668
Rekenaar – Stimu - zone:	Jacolien	072 209 1720
Gimnastiek:	Reynard Fouche	079 619 8683
Stoei:	Neels de Jager	082 556 2790

Sport van L/s Louis Leipoldt

Sporthoof	: Me M Nel	
Sportkomitee	: Atletiekorganiseerder	Me M Nel
	: Netbalorganiseerder	Me H Putter
	: Rugbyorganiseerder	Mnr J v Nieuwenhuizen
	: Bulletjierugby	Mnr S Steenkamp
	: Sagtebalorganiseerder	Me A Jordaan
	: Hokkieorganiseerder	Me S Rautenbach
	: Krieketorganiseerder	Mnr B Nel
	: Tennisorganiseerder	Me M Smith
	: Skaakorganiseerder	Me S Booyse
	: Gholforganiseerder	Mnr R Venter
	: Landlooporganiseerder	Me A Pretorius
	: Mini-netbalorganiseerder	Me A Geldenhuys

Atletiek: Atletiek word die eerste kwaartaal en in die vierde kwartaal gedoen. Atletiekklere is te huur by Me Nel. Ouers bly verantwoordelik vir die vervanging van die klere indien dit beskadig word.
Huissport : Gaan oor massa deelname en almal is welkom om die dag aan die atletiek deel te neem.
Atletiekspan : Die atlete wat plekke behaal het op die huissport word gekies tot die atletiekspan wat dan aan wegbyeenkomste deelneem. Atlete wat aan die kwalifiserende tye / afstande voldoen, word ingeskryf vir die Clusterspan, daarna kan die atleet Distrik toe gaan en dan Gauteng of SA kampioenskappe.
Gr 1 - 3 neem net deel aan naellope, **Gr 4 en Gr 5** neem aan alles deel behalwe spiesgooi en diskus, **Gr 6 en Gr 7** neem aan alles deel en het ook spiesgooi en diskus.
Atlete wat verder deurgaan na Gautengkampioenskappe mag slegs aan rugby en netbal deelneem as daar ‘n skriftelike brief by die Atletiekorganiseerder ingehandig word deur die ouers.
Netbal: 0/10 – 0/13 A – C Voorseisoen wedstryde word reeds in die eerste kwartaal gespeel, slegs A- en B- spanne. Liga’s begin die tweede kwartaal. Tuis- en wegwedstryde vind plaas soos op jaarprogram aangedui. Netbalklere word by elke span se afrigter gehuur, ouers bly verantwoordelik vir die vervanging van beskadigde klere.
Die 0/10 tot 0/13 A - en B - spanne gaan ook elke jaar op ‘n netbalkliniek waar verdere vaardighede by die spelers vasgelê word. Proewe vir 0/12 A - en 0/13 A - spanne. Verdere uitspeel wedstryde vir 0/11 – 0/13 A - spanne wat deurdring
Mini – Netbal: 0/7 leerders word net blootgestel aan vaardighede tydens die netbalseisoen, geen formele wedstryde word gespeel nie. Die 0/8 A - D en 0/9 A - D mini-netbal roteer van posisie met elke wedstryd. 0/8 en 0/9 neem deel aan voorseisoenwedstryde, asook wedstryde wat gedurende die tweede kwartaal geskeduleer is. Die 0/8 en 0/9 spanne neem ook deel aan mini- netbal feestoernooie.
Sagtebal: Sagtebal word in die derde kwartaal gespeel, tuis- sowel as weg-wedstryde word gespeel. Daar is 0/10 A - 0/13 A spanne. Daar is ook ontwikkeling vir Gr 3 dogters. Sagtebalklere word by Me Jordaan gehuur en ouers bly verantwoordelik om klere te vervang

BOELIE BELEID

1. ENIGE KLAS VAN BOELIES word in ‘n ernstige lig beskou.
2. Klagtes word persoonlik deur die Hoof en Adjunkhoof ondersoek.
3. Boelies word in ‘n baie ernstige lig beskou by die Gauteng Onderwys Departement en het skoolbestuurspanne opdrag om streng op te tree.
4. Na afloop van ondersoeke sal die Hoof persoonlik met betrokke ouers kontak en terugvoer gee.
5. Enige herhaaldelike oortreders word aangemeld op skool se dissiplinestelsel en kan dissiplinêr vervolg word deur die Beheerliggaam se dissiplinêre komitee.
6. Om gevalle van boelies aan te meld is u welkom om die hoof en/of dissiplinehoof persoonlik te kontak. Alle name en inligting word streng vertroulik hanteer. Tog belangrik dat ons u sal moet kan kontak om terugvoer te kan gee of meer inligting te kan bekom indien nodig.

ALGEMEEN

7. Ouers moet versigtig wees vir opdragte soos: “Sorteer hom uit”, “verdedig jouself”. Hierdie is stellings waar boelies gebore word.
8. Meeste gevalle van boelies is waar persoonlike verskille tussen ouers deur kinders opgeklaar word.
9. Belangrik om te onthou is dat die ontvanger in meeste gevalle net so skuldig is soos die boelie self.
10. Dit is tog lekker om te kan sê dat gevalle van boelies redelik geïsoleerd voorkom en dat hierdie gedrag nog nie op dié ouderdom deel van ‘n kind se persoonlikheid is nie. Laerskoolkinders is nog in hul vormingsjare en moet nog leer om konflik met maats en negatiewe gedrag te kan hanteer. Dit is ‘n opvoedingsproses wat tuis begin en by die skool ingeoefen word.

SELFOON- EN ANDER ELEKTRONIESE TOESTELLE BELEID:
Met die oog op die sinvolle verloop van akademie gedurende amptelike skoolure, is die volgende beleid op alle leerders aan L/s Louis Leipoldt verbonde van toepassing:
Gebruikstyd: Voor skool tot en met die lui van die eerste klok, daarna word alle selfone afgeskakel en gebêre in hul tasse/sportsakke. Gedurende pouse mag die leerder sy/haar selfoon met toestemming van die betrokke personeellid gebruik tot aan die einde van pouse, waarna dit afgeskakel en gebêre word.
Prosedure by oortreding: Indien die selfoon aangeskakel en gedurende amptelike skoolure in besit van die leerder is, meld die onderwyser en leerder saam by die Departementshoofde aan. In die teenwoordigheid van die partye word die leerder se selfoon in ‘n verseëlde koevert geplaas en in die skool se kluis toegesluit. Die leerder en Departementshoof teken die register om aan te dui dat die selfoon amptelik in die kluis verseël is. Die leerder se selfoon word bewaar totdat ‘n boete van **R50 vir die eerste oortreding en R100 vir die tweede oortreding** betaal is. By die toon van ‘n kwitansie sal die registerinskrywing deur die leerder en Departementshoof afgeteken word. Die Departementshoof bewaar die kwitansie vir navraagdoeleindes en ouditinligting. Met die derde oortreding sal die saak aan die hoof deurgegee word vir verdere optrede deur die Beheerliggaam.
Hierdie word beskou as ‘n gedragsoortreding. Geen selfone mag saamgeneem word op uitstappies of toere nie.

SKOOLDRAG:
SEUNS:
SOMER:
Donkergrys kortbroek
Grys kortmou hemp } Leipie Hypie Klerewinkel (Skool)
Grys kouse met skoolkleure } Marethas
Swart skoolskoene of kaalvoet
WINTER:
Grys langbroek met swart gordel
Grys skoolhemp (langmou/kortmou)
Langmou V-nek trui met skoolkleure } Leipie Hypie Klerewinkel (Skool)
Moulose trui met skoolkleure ook beskikbaar } Marethas
(Nuwe sportbaadjie sal hierby gedra word)
Grys skoolkouse en swart skoolskoene
Leierseuns - grys skoolhemp/grys langbroek/leierbaadjie en swart skoolskoene
Rooi serpe en handskoene word toegelaat in die winter.
MERK ASB ALLE KLERE

SPORT:

ATLETIEK:	Skool se atletiekdrag – Te huur by Me Nel
LANDLOOP:	Skool se atletiekdrag – Te huur by Me Coetzee
LO(KDA Verplig):	Rooi gholfhemp en slegs vlootblou sportbroek (rugbybroek)
TENNIS:	Rooi kortbroek, wit hempie met rooi kraag (word by tennisorganiseerder bestel) Wit kouse en tekkies
RUGBY:	Vlootblou/Wit broek met rugbytrui (rugbytrui word by skool gehuur) **(slegs 1ste span spelers dra wit broeke)**
KRIEKET:	Wit broek en wit gholfhemp met LL-logo en kouse met skoolkleure en rooi Leipie pet

Volle skoolsweetpak met wit sportskoene word by sportgeleenthede gedra.
HAARSTYLE: Hare moet kort en netjies gehou word. Hare moet kort wees om die ore en mag nie oor die ore gekam word nie. Hare mag ook nie aan die kraag raak nie. **Geen modegrille word toegelaat nie.** Geen patrone of lyne ingeskeer nie. Nie meer as 2 kamgrootte verskil tussen kant van die kop en bo-op die kop nie. Hare moet asb egalig geskeer wees. Kuif mag nie die voorkop bedek nie. Geen boskasies word toegelaat nie. Hare word onder geen omstandighede gekleur nie.
Geen haarprodukte of stileermiddels word op die hare gesit nie.
ALGEMEEN: Geen seun dra ‘n ring, oorbel of hangertjie nie (*mediese hangertjies uitgesonder)*. **Leerders moet daarop let dat al die reëls van toepassing is terwyl skooldrag gedra word. Ook buite die skoolterrein. Ons is trots op ons kinders se mooi skooldrag en hul netjiese voorkoms.** Geen grimering of naellak word gedra nie. **Naels is altyd kort.**
GEEN BANDE OM DIE ARMS NIE (SLEGS MEDIESE HANGERTJIE/ ARMBAND)

VERANTWOORDELIKHEDE VAN OUERS:
Om aan hulle kinders ‘n veilige en geborge opvoeding te gee waarmee die kind se volle potensiaal ontwikkel kan word. Om toe te sien dat hulle kind/ers elke dag skool bywoon en indien hulle afwesig is, dit onder die aandag van die skool te bring. Indien ‘n kind vroeg die skool moet verlaat, self die nodige reëlings tref en die kind persoonlik by die kantoor kom afhaal en uitteken in uittekenregister. Om toe te sien dat gereelde akademiese rapporte van vordering van die kind ontvang word en dit ook met die onderwyser en kind te bespreek.
Om toe te sien dat die kind gesond en skoon is en dat hy/sy geïmmuniseer is soos vereis deur die Gesondheidsdepartement. Om toe te sien dat die kind/ers die nodige toerusting het om hul klaswerk en tuiswerk te doen. Om enige veranderinge in die kind se omstandighede onder die aandag van die skool te bring. Om die skool te voorsien met die nodige telefoonnommers, adresse en geboortesertifikate. Om gereeld die kind se skoolgeld te betaal of reëlings met die Finansiële komitee te tref. Om ‘n positiewe verhouding te kweek tussen die kind, onderwyser en die skool deur aktief betrokke te raak by die aktiwiteite van die skool. Enige skade aan geboue en ander toerusting deur die kind sal deur die ouers vervang/herstel word. Die skoolterrein sal respekteer as ‘n rookvrye area/gebied. In enige wederregtelike optrede sal die bestaande landswette geld. Om kind/ers met die regte, voorgeskrewe skooldrag toe te rus.
BETROKKENHEID BY BUITEMUURSE AKTIWITEITE EN SPORTBYEENKOMSTE:
Die deelname van leerders aan enige buitemuurse aktiwiteit is ‘n voortsetting van die opvoedingsproses daarom is die optrede van ouers langs die veld/baan van uiterste belang om nie aanstoot te geen nie. Ouers onderneem dus om hulself te weerhou van opmerkings teenoor skeidsregters en ander toeskouers tydens sportbyeenkomste. Hulle ook te weerhou van geweldadige, onwelvoeglike en lasterlike taal en gedrag. Sien volledige sportbeleid.
BESOEKE AAN DIE SKOOL OM ONDERWYSERS TE SPREEK:
Skakel vooraf om ‘n afspraak te reël. Meld te alle tye by die kantoor aan. Geen ouer mag direk na ‘n onderwyser se klas gaan nie. Indien die skoolhoof teenwoordig moet wees, maak asseblief ‘n afspraak met die hoof.
LAATKOMMERS:
Neem asb kennis dat ouers van leerders wat gereeld laat by die skool aankom voortaan by die Departement aangemeld gaan word. Die Gauteng Departement van Onderwys het baie streng riglyne aan alle staatskole gestuur in die verband. Aangesien skole register moet neem van skoolbywoning ten opsigte van elke leerder en die getalle elke dag voor 08:00 deurgestuur word na die Departement, moet ons streng by die riglyne hou. Die skool neem in registerperiode, m.a.w. van **07:30 tot 07:40**, register. U kind moet aanwesig wees in die registerperiode, anders word hy/sy afwesig gemerk. Ons kan nie weer aan die getalle wat reeds deurgestuur is na die Departement verander nie. Die skool is ook verplig om gereelde laatkommers aan te meld waarop die Departement met u in aanraking sal kom. Indien u probleme met hierdie reëling het, moet u direk met die Departement skakel. Ons is ‘n staatskool en moet dus binne die riglyne van die Departement optree. Leerders wat laat kom moet deur ouers/voogde vergesel word en by die kantoor ingeteken word. Die leerder sal dan ‘n briefie ontvang om aan die betrokke personeellid te toon. Indien u kind vir geldige redes laat kom, bv dokterafsprake, moet u steeds u kind na die kantoor vergesel en inteken saam met die rede. Ook in die geval sal die situasie gemonitor word deur die Departement. Ouers kan nie die skool telefonies van afwesighede in kennis stel nie. Registerpersoneel moet **skriftelik** in kennis gestel word.

SKOOLREëLS: ***ONS LEUSE: ONS DIEN!***

1. ‘n Trotse Leipie kom nie laat by die skool aan nie.
2. Binne die skoolgronde word nie met ‘n fiets/skaatsplank gery nie.
3. Fietsryers klim voor die hek af en stoot hul fietse na die fietsloods.
4. By ons skool is bakleiery (stamp, skop, slaan, stoeiery) taboe.
5. Op die stoepe en in die gange mag ons nie hardloop, bondel of groepies maak, balle bons, fietsry of skree nie.
6. Geen leerder mag in ‘n klaslokaal of saal, sonder ‘n onderwyser wees nie – behalwe met die uitdruklike toestemming van die klasonderwyser.
7. Klasse moet netjies en skoon gehou word en daar mag nie op banke, mure of deure gekrap of geskryf word nie.
8. Wanneer ons in klasverband stap, hetsy van of na die saal, klaskamer, Mediasentrum of elders heen, moet dit in netjiese geordende rye wees.
9. Wanneer ons aantree, staan die leier voor en die hulpleier agter. Hulle help met die goeie orde van die klas.
10. Indien ‘n klas die lokaal verlaat, is daar drie bevele en handelinge:
    (i) Pak weg (ii) Staan (iii) Stap
11. Die afgebakende speelterrein is ons ontspanning – en kuierplek – nie die stoep, kleedkamers of vierkant nie!
12. Gooi alle papiere, skille en blikke in die vullisblikke.
13. Daar mag nie in blombeddings geloop word nie.
14. Elke leerder moet meehelp om die kleedkamers netjies en sindelik te hou. Geen kos word in kleedkamers toegelaat nie. Moenie toiletpapier en water mors nie. Rapporteer probleme aan leiers en personeel aan diens. Draai krane behoorlik toe.
15. Die eet van kougom, skiet met rekkies, blaaspypies en speel met skerp en gevaarlike voorwerpe is verbode. Geen “BB-guns” nie.
16. Wees ‘n goeie beelddraer van jou skool. Daarom moet jy met trots die regte skooldrag dra en word jou hare volgens voorskrif gedra.
17. Vuil taal, lelike praatjies en skinderstories verklap ‘n mens se binneste. Ons werk dit teë.
18. Geen skaatsplanke of rolskaatse word op die skoolterrein toegelaat nie.
19. Geen kind mag sonder die hoof se toestemming die skoolterrein gedurende skoolure verlaat nie.
20. Stokkiesdraai is ‘n uiterse ernstige oortreding en verskonings vir afwesighede moet skriftelik of telefonies deur ouers gereël word.
21. Van alle leerders word verwag om orals en altyd ‘n trotse beeld van die skool na buite te dra. Gedrag en optrede moet dus altyd onberispelik wees. Leerders wat skoolbyeenkomste of skoolfunksies as ondersteuners bywoon, moet te alle tye in volle skooldrag geklee wees.
22. Hardwerkendheid en netheid is deugde wat altyd nagestreef moet word. Wie dit beoefen, is getrou aan sy/haar plig en roeping.

SKOOLDRAG:

DOGTERS:

SOMER:

Blou skoolrokkie, blou skoolbroekie
Blou spanbroek **wat nie uitsteek nie** } Leipie Hypie Klerewinkel
Blou kort kouse met skoolkleure } (Skool) / Marethas
Swart skoolskoene of kaalvoet

WINTER:

Grys langbroek, Wit hemp (langmou/kortmou)
Langmou V-nek trui met skoolkleure } Leipie Hypie Klerewinkel
Moulose V-nek trui met skoolkleure ook beskikbaar } (Skool) / Marethas
(Nuwe sportbaadjie sal hierby gedra word)
Grys kouse (kort/lank) en swart skoolskoene
Rooi serpe en handskoene

Leierdogters – Skoolrok/Leierbaadjie/vlootblou sykouse/vlootblou wol kniekouse/swart skoolskoene/nuwe wintersdrag met leierbaadjie.

MERK ASB ALLE KLERE

SPORT:

ATLETIEK:	Skool se atletiekdrag – Te huur by Me Nel
LANDLOOP:	Skool se atletiekdrag – Te huur by Me Pretorius
LO:	Rooi gholfhemp en navy sportbroek (vlootblou spanbroek kan onder broekie gedra word, maar nie net spanbroek alleen nie)
TENNIS:	Klere word by skool gehuur
NETBAL:	Klere word by skool gehuur
SAGTEBAL:	Klere word by die skool gehuur
HOKKIE:	Klere word by die skool gehuur

Volle skoolsweetpak met wit sportskoene word by sportgeleenthede gedra.

HAARSTYLE: Lang hare (ook Afrika verlengings) MOET vasgebind word sodra dit oor kraagrand hang. Geen kapsels, fratsstyle of jelbehandelde hare nie. Hare moet vasgebind, gevleg of kort geknip wees. Slegs helderrooi bolletjies, haarbande (nie breër as 3cm, mag nie blomme of ander versiersels hê nie), haarlinte of pofrekke. Geen sierknippies, kammetjies of gedraaide woltooisels nie. Silwer haarknippies word toegelaat. As kuif oor wenkbroue hang moet dit met knippies weggesteek word. Kuif mag nie sig belemmer nie. Hare mag onder geen omstandighede gekleur word nie. Sonstrepe is ook nie toelaatbaar nie. Wenkbroue en wimpers mag nie getint word nie.

ALGEMEEN: Slegs klein goue of silwer knoppies of ringetjies in die ore. Slegs seëlringe en horlosies word toegelaat. Geen naellak word skool toe gedra nie – ook nie op die toonnaels nie. Slegs een oorbel per oor, op die oorlel. Geen grimering van enige aard word toegelaat nie. Kleurlose lipsalf. Naels moet kort en skoon wees.

GEEN BANDE OM DIE ARMS NIE (SLEGS MEDIESE HANGERTJIE/ ARMBAND)